# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 08 JULIE 2025

EMBARGO: GEEN

# DIE TYD VIR LEË BELOFTES BEHOORT VERBY TE WEES - BEGROTINGSTOESPRAAK

Die Minister van Basiese Onderwys. Siviwe Gwarube, het die langverwagte onderwysbegroting vir 2025/2026 aangekondig, waarin sy 'n stelling maak dat daar nie langer ruimte vir "ydele projekte" is nie, hoewel die begroting nie hierdie intensie van die Minister weerspieël nie.

Gefokusde klem word weer geplaas op die basiese vaardighede en die verbetering van gesyferdheid- en geletterdheidsvaardighede. Die meerderheid van hierdie fokus word egter geplaas op die implementering van die VKO-sektor. Daar word spesifiek klem gelê op verbetering van VKO-programme, infrastruktuur en menslike hulpbronontwikkeling in hierdie sektor.

Hierteenoor is daar feitlik geen verwysing na die langverwagte implementering van Graad R (wat in 2026 volgens die BELA-riglyne geïmplementeer staan te word).

'n Groot gedeelte van die begroting (R57 miljoen) word toegewys aan die Moedertaalgebaseerde Tweetalige Onderwysinisiatief. Dit is teenstrydig met die berig van provinsies wat aandui dat hulle nie gereed is om hierdie inisiatief te kan implementeer nie.

Die Minister verwys in die verbygaan daarna dat "kwaliteit onderrig die grootste voorspeller vir kwaliteit onderwys is," is daar maar kursoriese verwysing na konkrete planne vir implementering of standaard operasionele prosedures wat ingevoer sal word om die grootte van oorvol klaskamers te verminder, vakante onderwysposte te vul, die vakatures in promosie poste aan te spreek of om geskikte infrastruktuur te verskaf nie.

Die betreurenswaardige toestand van die mees kwesbare leerders – leerders met spesiale onderwysbehoeftes – word steeds op die agtergrond geskuif. Geen melding word gemaak van enige pogings om hierdie leerders van 'n nasionale sertifikaat te voorsien nie, of om die bestaande 499 skole uit te brei sodat meer leerders gehuisves kan word nie, maar tegniese dubbelspraak word gebruik om hierdie aangeleenthede te verskuil – aangeleenthede wat die groeiende behoefte aan spesialis personeel op provinsiale- en distriksvlak om hierdie leerders te ondersteun in die plasing by skole waar hulle spesifieke behoeftes aangespreek kan word.

R15.3 miljard is toegewys aan Onderwys Infrastruktuur om die oorblywende 3% put toilette uit te wis en om in hoë-groei areas konstruksie aan te moedig. Daar is weer eens geen duidelike en

meetbare planne vir die aanbou van nuwe skole om die groeiende behoefte aan 'n toename van leerders aan te spreek nie.

Die Minister het wel aangedui dat provinsies aanspreeklik gehou sal word, veral in terme van fiskale beperkinge wat volgens haar gelei het tot vakante poste wat nie gevul is nie, dat skooltoewysings nie betaal is nie en dat voeding-, vervoer- en veiligheidsprogramme nie aangebied kon word nie. Daar is egter geen uitvoerbare plan wat aandui hoe provinsiale amptenare wat hulle plig versuim aanspreeklik gehou sal word nie.

In die begroting word daar egter wel aangedui dat die Minister 'n nuwe adviesliggaam in die lewe sal roep wat haar insigte sal bied, wat ook gelyklopend en gratis deur onderwysunies en beheerliggaamorganisasies in die verlede voorsien is.

Alhoewel die Minister verwys na vordering op die gebied van wetlike en beleidsgronde en waarvoor daar in die afsienbare toekoms regulasies voorsien sal word, is daar egter sleutel aangeleenthede wat jaar na jaar onaangespreek bly, soos onder andere die promosie- en progressievereistes.

Geen melding word gemaak van die verbetering van omstandighede vir onderwysers nie, geen voorsiening word gemaak dat die aanspreek van emosionele en sosiale welstand van hierdie onderwysers 'n prioriteit sal wees nie. Die SAOU betreur hierdie oorsig.

Die SAOU doen 'n ernstige beroep op die Minister van Basiese Onderwys om haar beloftes wat aan die begin van haar termyn gemaak is, nou gestand te doen – om terug te keer na die basiese beginsels: dit sluit die volgende in: Dat daar genoeg gekwalifiseerde en professionele onderwysers in die stelsel is, om te verseker dat daar genoeg geskikte voorsiening gemaak word vir leerders met leerhindernisse, om te verseker dat skole veilige leerareas is; en dat die fokus geplaas sal word om te verseker dat leerders die basiese vaardighede goed bemeester.

Die tyd vir praat en luister is nou verby en dit is krities belangrik dat daar daadwerklik opgetree sal word. Die kwaliteit onderwys van leerders in Suid-Afrika behoort die hoogste prioriteit te geniet.